

Om te glo – volhardend te bly glo

Hebreërs 11:1-2, 12:1-3



<https://www.capetownetc.com/news/comrades-marathon-cancelled-again-after-fears-of-third-covid-19-wave/>

I

Die Hebreër-boek is geskryf vir gelowiges wat baie swaar gekry het – klein groepies Christene in ‘n ongelowige en immorele wêreld waarin hulle uitgestoot en verdruk is. Vroeër het hulle goeie tye beleef, was dit makliker om hulle geloof uit te leef, maar nou is hulle onder druk. Wat veral duidelik word in hierdie boek is dat hulle moeg en moedeloos geword het; dat hulle begin het om hulle geloof te verloor. Hulle kon net nie meer volhou daarmee om in sulke omstandighede te bly glo nie. Hulle hande het slap geword en hulle knieë lam, hulle geloof afgestomp, hulle was op die punt om tou op te gooi, uit te sak, verlei te word en maar net soos die wêreld rondom hulle te word.

Om die waarheid te sê, Hebreërs is eintlik maar vir ons vandag geskryf, ons wat so moeg en moedeloos word, ons wat sukkel om te bly glo, ons wat sukkel om in hierdie land te bly hoop. Daarom doen die skrywer veral twee dinge. Eers verduidelik hy vir ons wat geloof is. En dan verduidelik hy hoe ons kan volhard in dié geloof, ten spyte van ons omstandighede.

II

In die eerste plek dan: **wat is geloof?** Geloof, skryf hy, is “sekerheid van die dinge wat gehoop word, ‘n bewys van die dinge wat nie gesien kan word nie”. Geloof is die vermoë om verby die werklikheid wat ons tans beleef, die moeilike omstandighede, te weet daar is ‘n ander wêreld aan die kom – God se nuwe wêreld, sy koninkryk waar alles nuut en heel gemaak sal word, waar God heerskappy sal voer. Geloof beteken jy weier om te aanvaar dat hierdie stukkende, korrupte, bese wêreld die laaste sê het. Geloof beteken jy hou aan uitsien na God se groot Eendag, ‘n nuwe toekoms wat wag. En jy bly uitsien daarna, daarop hoop, teen alles in. Maar meer as dit, jy glo dit regtig, jy is verseker daarvan, jou hoop staan vas, jy leef asof hierdie nuwe wêreld reeds gekom het.

Om hierdie eienskap van geloof te illustreer, naamlik om die onsienlike te kan sien, te bly hoop te midde van jou omstandighede, herinner die skrywer ons dan in hoofstuk

11 aan 'n hele reeks verhale van gewone mense in die Ou Testament, mense wat gelowig bly vashou het aan God se beloftes al kon hulle dit nog nie beleef nie, al het dit ook nie eers in hulle eie leeftyd waar geword nie. Abraham en Sara byvoorbeeld, wat God op sy woord gevat het dat Hy vir hulle 'n nageslag sou gee, al was dit menslik net nie meer moontlik nie. Hulle het bly glo dat God hulle nageslag sou seën, sodat die Messias uit hierdie stam gebore sou word, en al die volke daardeur geseën sou word. Hulle het bly glo, bly oop, selfs al kon hulle dit self nog nie beleef nie. Want hulle het God vertrou, bly vashou aan die belofte. Dis wat geloof is.

So spoor die skrywer die gelowiges aan wat sukkel om te glo te midde van hulle moeilike omstandighede.

III

Vanaf hoofstuk 12 help die skrywer van die Hebreër-boek hulle dan ook om vas te byt in hierdie geloof, te volhard daarmee, nie moeg te word en uit te sak nie. En om te verduidelik **hoe jy kan volhard, enduit kan bly glo**, gebruik hy 'n bekende beeld uit sy tyd: 'n atletiekbyeenkoms. Dalk het hy gedink aan die Olimpiese spele, of die bekende Isthmiese Spele wat elke tweede jaar in Korinte gehou is.

Om te kan volhard in die geloof moet jy wees soos 'n atleet, doen soos 'n atleet.

(1) 'n Atleet moet gereed wees vir die resies. Jy moet byvoorbeeld die regte klere aanhê. Nou, in daardie tyd het dit beteken jy moet glad geen klere aan hê nie! Jy moet alles wat jou kan belemmer uittrek, **van elke las ontslae raak**. Mens kan nie bagasie saamdra nie. Dra ons nie tog maar 'n groot klomp bagasie met ons saam nie. Bagasie uit ons verlede, ons eie vooroordele en wrokke, ons seerkry uit die verlede, goeters waaraan ons oor tyd verslaaf geraak het, nie meer sonder kan leef nie, 'n vasklem aan wêreldse goed, "die sonde wat ons so maklik omring", noem die skrywer dit. Om te kan volhard in die geloofsresies moet ons van ons bagasie ontslae kan raak – jy sal weet watter bagasie dra jy in jou eie lewe saam – ons moet dit van ons kan wegwerp, afgooi, ontslae raak... Want dit gaan ons hinder om enduit in die wedloop van die geloof te volhard. Ons moet loshande kan hardloop, vry van belemmerende laste.

(2) 'n Atleet word ook gehelp om te volhard deur **die skare se aanmoediging**. Die applous en aanhitsing van 'n skare dra 'n atleet, sodat hy of sy voluit, enduit kan hardloop. As gelowiges het ons so 'n skare mense wat ons aanmoedig. Die skrywer praat van die wolk van getuies rondom ons. Daar is die verhale van die geloofshelde van die Ou Testament, gewone mense wat bly glo het ten spyte van hulle omstandighede. Daar is die aanmoediging van geloofshelde uit die kerkgeskiedenis, of ons eie voorouers, heiliges, martelare, mense wat enduit volhard het. Ook hulle bemoedig ons. En rondom ons vandag is medegelowiges, geloofsgenote. Dis presies ook hoekom ons aan die kerk behoort, sodat ons mekaar kan bemoedig en dra om te volhard in die geloof. Niks is vir my mooier as die atlete wat hier teen die einde van die Comrades Maraton mekaar begin dra, selfs oor die wenstreep sleep, al het jou eie knieë ook lam geword, of al kos dit jou jou eie plek in die wedloop. Dis was kerk-wees bedoel is om te wees, dat ons mekaar sal bemoedig, sal help vasbyt, enduit in die wedloop van die geloof.

- (3) En dan moet 'n atleet kan fokus. Sy of haar oog moet ingestel wees op die einddoel – ons sien mos hoeveel moeite doen atlete om vooraf te fokus, heelpad te bly fokus. Nou sê die Hebreër-skrywer: bly **fokus op Jesus Christus**. Hy is die Leidsman en Voleinder van julle geloof.

Leidsman beteken: Hy het vir ons die voorbeeld van volharding gestel. Enduit het Hy die pad geloop. Daarvan is sy intog in Jerusalem op Palmsondag die voorbeeld. Hy het geweet wat wag op hom. Hy het geweet die skare se Hosannas gaan in 'n kruisig-hom-skreeuery ontaard. Hy het geweet van die lyding wat wag, die kruis, die Godverlatenheid, die dors ... en tog het Hy voortgegaan, enduit gehoorsaam gebly. Want Hy kon anderkant die werklikheid van die kruis die vreugde van die opstanding wat wag sien, anderkant die skande van die kruis kon Hy die verheerliking aan die regterhand van God sien. Laat Christus vir julle 'n voorbeeld wees, 'n Leidsman... dan sal julle nie moeg word nie. Fokus op Hom.

Maar Jesus is veel meer as net 'n Leidsman, 'n navolgenswaardige voorbeeld. Hy is ook die *Voleinder* van ons geloof, staan hier. Hy hardloop eintlik die wedloop in ons plek; daar waar ons nie meer kan nie, dra Hy ons oor die wenstreep. Hy het die wedloop reeds in ons plek voltooi, vir ons die oorwinning verseker. Dis ons troos, dis ons rede om te bly volhard, want Christus is die Voleinder van ons geloof. Sy oorwinning wat Hy reeds behaal het, word teen ons naam geskryf – sy genade is vir ons genoeg.

IV

Daarom kan ons glo, die onsienlike sien. En kan ons volhard in die geloof, voluit, enduit, kan ons maar elke las van ons afgooi, terwyl ons die bemoediging van die skare medegelowiges in ons ore hoor, en ons die oog op Jesus Christus gevestig hou, die Leidsman en Voleinder van ons geloof.